Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

**Kw. 3 NUUSBRIEF 1**
**25 Julie 2025**

## Baie Welkom!

Die Derde kwartaal het voluit weggespring. Mag dit 'n heerlike en voorspoedige kwartaal vir al ons kleuters, ouers en personeel wees!

Die volgende paar weke is die heel belangrikste tyd vir ons "op-die-drumpel" Gr R maats. Om elkeen se potensiaal en skoolgereedheid tot die maksimum te bevorder, moet die skool en u as ouers saamwerk. Neem die verantwoordelikheid op om haakplekkies op u kind se verslaggie aan te spreek. Gee daagliks aandag aan **telwerk** en **beginklankies**. Help u kleuter met **selfdissipline**, **deursettingsvermoë** en **konsentrasie**.

Maak seker dat u kleuter die "Doelwitte van Kwartaal 3 & 4" bemeester en kom gesels asseblief met ons oor enige kommer rakende u kleutertjie se vordering.

* Dit is ook wys om 'n Gr R kleuter vóór toetrede tot Graad 1 te neem vir 'n sig en gehoortoets.

***Saam is ons beter!***

## Roetine

**Probeer asseblief om so gou as moontlik weer in roetine te kom ter wille van u kleutertjie se sekuriteit en selfvertroue. Skep ook tuis 'n vaste roetine.**



**'n Kleuter moet vroeg gaan slaap en die dag uitgerus begin. Onthou die volgende resep vir 'n goeie dag:**

**Magie vol, blasie leeg, neusie skoon, ASEMPIE VARS!**

## Skoolgeld



Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van die betrokke maand. Baie dankie vir getroue inbetaling van skoolgelde wat ondersteunend is tot die suksesvolle funksionering van ons skool.

## Bederfdag



Bederfdag vir die kwartaal is slegs R120 vir beide kwartale 3 en 4. Daar word dan nie in kwartaal 4 weer Bederfdag gehef nie. Die bedrag sal op Karri betaalbaar wees teen Maandag, 28 Julie.

Indien u kleuter se Kw 1 en Kw 2 bederfdaggelde uitstaande is, omdat u sukkel met Karri app, kontak asb vir Sanet om 'n EFT reëling te tref.

## Tema's vir die kwartaal

**Die volgende tema's is in ons beplanning vir hierdie kwartaal:**

- Winter
- Plaasdiere
- Wilde diere
- Voëls
- Net een wêreld (pas hom op)



## Kalender

Let asseblief op na die datums vir die res van die jaar om op hoogte van ons program te bly. Kalender vandag in die Briewesakke.

Datums is onderhewig aan verandering.






## Kommunikasie

Wees asseblief bewus daarvan dat personeel nie noodwendig selfoonboodskappe in skooltyd lees nie. Vir dringende reëlings, skakel eerder vir Sanet by die kantoor en laat 'n boodskap. (051-522 3628)

## Rugby en Netbal

Slegs Graad R-maats gaan van Dinsdag af netbal en rugby begin oefen met die oog op ons Tjokkie Lympics Sportdag vir Gr R. Op hierdie dag neem geen ander skole deelneem nie, dis slegs ons eie Tjokkies.

Dit vind op Vrydag, 15 Augustus plaas tussen 14:00 en 15:30, hou gerus die middag oop of tref reëlings met u werk.

Meer inligting volg.

## Parkeerterrein

Ons doen weereens 'n ernstige beroep op almal wat die parkeerterrein binnekom om veilig en bedagsaam te bestuur en bedag te wees op kinders en ouers wat tussen die voertuie beweeg.






## Baby Tjoklits Sport– en Pretdag

Bring u kleuter om te kom deelneem aan hierdie dag wat beloof om nuut en opwindend te wees. Dis vir al ons Tjokkie-kleuters asook vir buite kleuters.

Registreer asseblief dadelik as u nog nie geregistreer het nie.

Tjokkie-kleuters trek op hierdie dag Tjokkiedrag aan.

## OFM Onderhoud

OFM gaan met juffrou Elsabé en juffrou Blanche 'n radio-onderhoud voer sodat mense meer daarvan te wete kom.

Dit word op 5 Augustus om 13:45 uitgesaai op OFM.

## Middagsorg sê dankie



Baie dankie aan Lumari se pappa, Vaatjie Koorsen, wat gereeld vanaf sy Boermark groentestal heerlike vrugte vir ons middagmaatjies bring. Dis sal die moeite werd wees om dáár besoek af te lê. "An apple a day, keep the doctor away!"

## Proefstudente

Ons het weer die kwartaal proefstudente by Tjokkies en dra graag by tot hul opleiding om eendag hul plek in die onderwys te kan vol staan.

Dankie aan hulle vir hand bysit met aktiwiteite en toesig.

## Klokkie lui

**Belangrik**: Ons vra asseblief dat die klokkie by die hek **nie voor 15:10** in die middae gelui word nie. Kleuters wat moet inkom vir buitemuurs of afgehaal word kan ná 15:10 gedoen word. Dis 'n organisatoriese reëling mbt ons middagjuffrouens se take. Gee asseblief die inligting deur aan die persoon wat 'n kleuter bring of kom afhaal.

## Tjokkieshop het geskuif

Let op dat die Tjokkieshop onder nuwe bestuur is en geskuif het na oorkant die rugbyveld by die Nessie.

Kontak hulle vir tweedehandse en nuwe skool– of sportdrag.

TJOKKIESHOP
@NesSie

## Konsert aan die rol

Ons kleuterkonsert is altyd GROOT by Tjokkies, daarom is ons reeds aan die beplan vir hierdie feestelike geleentheid.

Jaarliks word daar 'n konsertfooi gehef, wat onder andere beteken dat u nie 'n kostuum sal moet koop of voorsien nie.

Die **konsertfooi van R230 per kleuter** sluit die volgende in:

* Huur van kostuum
* Die kleuter se geskenkpakkie met lekkernye en geskenk
* Dekor en grimering



Ons deel hierdie inligting nou reeds sodat u daarvoor kan begroot of beplan.

Hierdie fooi is betaalbaar via Karri vanaf 4 Augustus en sluit op 19 September.

## PERSONEEL

### Verlowings



'n Klompie van ons pragtige, jong Tjokkie-assistente het al die afgelope paar maande verloof geraak. Ons wens vir hulle baie geluk en 'n opwindende toekoms toe.

Hulle is Jamie van die Groenklas en al drie middagjuffrouens, Marinda, Anneke en so pas ook Lee-Ann!

### Noodhulpkursus

Die volgende personeel het gedurende die vakansie 'n noodhulpkursus bygewoon tot voordeel van Tjokkies.



Baie dankie aan Himke (Rooiklas), Annika (Oranje klas), Miah (Geelklas) en Anika (Blouklas).